Wenke by die beantwoording van 'n begripstoets

- ✓ Lees die leesstuk eers goed deur en maak seker dat jy dit verstaan. Wanneer jy die vraag lees, moet jy teruggaan na die leesstuk om die antwoord te soek. Jy kan nie probeer om die antwoord te "onthou" nadat jy die leesstuk gelees het nie.
- ✓ Lees nou deur die vrae.
- ✓ Elke vraag het gewoonlik 'n vraagwoord, bv. beantwoord, kies, vergelyk, beskryf, voltooi, noem, ens. Onderstreep dit en maak seker jy doen wat van jou verwag word (moet bv. nie *sinne* skryf as die vraag vereis dat jy slegs iets moet *noem* nie).
- ✓ Elke vraag het gewoonlik 'n sleutelwoord of -sinsdeel waaruit jy moet aflei waarvoor om te gaan soek in die leesstuk - onderstreep dit.
- ✓ Soeklees nou deur die leesstuk vir die sleutelwoord of -sinsdeel.

- Al die antwoorde kom (direk of indirek) in die leesstuk voor!
- Jy moet die vrae in saaklike volsinne beantwoord waar die instruksies dit vereis, d.w.s. jy kan nie die antwoord in slegs 'n sinsdeel, een woord, puntsgewys, ens. beantwoord nie.
- Moet NOOIT 'n volsin skryf of aanhaal as slegs 'n kort sin / sinsdeel / sinsnede / een woord gevra word nie, d.w.s. lees die vraag mooi en VOLG DIE INSTRUKSIES.
- Moenie direk van die leesstuk afskryf nie (tensy jy moet aanhaal), maar verwys daarna en gebruik van die woorde saam met jou eie woorde (veral wanneer jy bv. name van plekke of datums moet skryf) sodat jy minder onnodige spelfoute maak.
- Onthou om "aanhalingstekens" te gebruik as 'n aanhaling gevra word (ook by een woord-antwoorde).
- Ja- en nee-antwoorde moet gemotiveer word. D.w.s. jy kan nie slegs ja of nee skryf nie, jy moet 'n rede gee vir jou antwoord.